Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

13 November 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. TOETS-REËLINGS (GRAAD 8-11)

1. **Toegang tot die skool:** Leerders gebruik steeds, in die oggende, die hekke waar hul ingedeel was gedurende die jaar. Onthou asb. dat géén leerder opgery mag word tot by die hoofhek nie. Leerders mag eers om 7:20 in die geboue van die skool ingaan. Leerders wat egter die tweede sessie skryf, sal slégs by die hoofhek toegang tot die skool verkry.
2. **Lokale:** Leerders skryf in meer lokale as gewoonlik om sodoende by die COVID-19 riglyne te hou. Alle sanitasie en voorsorgmaatreëls is steeds in plek.
3. **Tye:** Graad 8-11 leerders kom slegs skool toe in die tye waarin hul toets skryf. Daar is dus nie enige leertyd voor 'n toets begin nie. Na afloop van die toets, moet die leerder die skoolterrein, volgens Covid-19 regulasies, dadelik verlaat.
   Sessie 1: Begin om 7:30 **Sessie 2:** Begin om 12:30
4. **Voorkoms:** Leerders sal slegs tot die toetslokaal toegelaat word indien hul voorkoms volgens die skoolreëls is. Indien 'n leerder nie korrek is nie, kan die leerder die toets geweier word, wat tot 'n 0-punt in die toets kan lei.
5. **Handboeke:** Indien die leerder 'n laaste toets in 'n vak skryf, word die handboeke in die lokaal waar die leerder skryf, ingehandig. U as ouer/voog bly vir die koste van uitstaande handboeke verantwoordelik en daarom vra ons dat u seker maak, dat u kind al sy/haar handboeke inhandig.
6. **Oneerlikheid**: Indien 'n leerder vermoedelik oneerlik is tydens 'n eksamensessie, sal die vraestel van die leerder ingeneem word saam met enige notas/bewyse. 'n Nuwe vraestel sal aan die leerder uitgedeel word en die leerder mag verder skryf binne die tyd wat nog beskikbaar is. Na afloop van die sessie sal die saak ondersoek word.
7. **Afwesighede**: Indien 'n leerder afwesig is, moet u as ouer/voog me. Brits vóór die aanvang van die sessie skakel. Hierna moet 'n dr.-brief ingehandig word (admin@wonnies.co.za). Die dr-brief moet duidelik aantoon dat die leerder nie instaat is om toets te skryf nie, aangesien dit die leerder toegang tot 'n sieketoets gee. Die leerder moet dan self met die betrokke vak se personeellid reël vir 'n siekte-toets. Indien geen reëling getref word nie, sal 'n 0-punt toegeken word.

2. SLAAGVEREISTES

Die Departement van Onderwys het 'n aanpassing gemaak aan die punte-verhouding vir die eindtoetse. Die finale punte-verdeling sal soos volg werk:

Graad 10-11:

Vakke:	SBA (Jaarpunt): 60%	Eindtoets(e): 40%
Vakke met mondeling:	SBA (Jaarpunt): 60%	Eindtoets(e): 27.5% + Mondeling: 12.5%
Vakke met PAT:	SBA (Jaarpunt): 60%	Eindtoets(e): 20% + Prakties: 20%
Graad 8-9:	SBA (Jaarpunt): 80%	Eindtoets(e): 20%

3. KALENDER-BESTELLINGS

Die dansakademie het pragfoto's geneem in die afgebrande Gasvryheidstudie-klas. Hieruit het groot navrae vir 'n kalender met dié foto's ontstaan. Graag wil ons aan u die geleentheid bied om so 'n kalender te bekom. Die winste van hierdie projek gaan ten bate van die voedingskema van die skool, asook die borg van bome vir die Heleen Roots Foundation.
Ons benodig egter besighede om in dié kalender te adverteer, ten einde die kalender bekostigbaar te maak.

Stuur gerus 'n epos na claassenjanelle@gmail.com indien u, u besigheid in die kalender wil adverteer. Groottes van advertensies en pryse is by me. Claassen beskikbaar.

4. GRAAD 8 (2021)

Die aanlyn-proses vir Graad 8-leerders van 2021 veroorsaak verskeie onsekerhede. Die volgende groep ouers moes al lank terug hul SMS'e ontvang het, maar dit is nog nie vanuit dié aanlynstelsel gedoen nie. Die skool bestuur nie die proses nie, maar wil u as ouer wel gerusstel dat ons bewus is van elke ouer se aansoek en dit daagliks met die departement opvolg. Daar is belowe dat die volgende SMS'e die 15de November uitgestuur gaan word. Indien u egter steeds navrae het, kontak gerus me. Brits by admin@wonnies.co.za vir hulpverlening.

5. BEKRAGTIGING VAN BEGROTING (2021)

Die bekragtiging van die Begroting van 2021 vind op **26 November** plaas. Alle ouers is welkom om hier u insette te kom lewer voordat die begroting gefinaliseer word.

6. HELPENDE HAND

Die Hoërskool Wonderboom wil hul dank betuig aan me. Kriel en me. van Tonder van Helpende Hand, wat die skool mildelik ondersteun met kos en donasies vir ons behoeftige leerders. Ons waardeer dit opreg. Ten einde Helpende Hand ook te ondersteun, vra ons dat leerders enige ou klere of klere wat nie meer pas nie, skool toe sal bring en by me. S Venter sal ingee. Dit kan dan weer teruggegee word aan behoeftige gesinne wat Helpende Hand ondersteun.

Wonnie-groete

M LEZAR
SKOOLHOOF